# Wag op rentekoerse

## Plaaaslike ekonomiese nuus: Augustus 2011

**Deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life**

Wat die Suid-Afrikaanse Reserwebank se Monetêre Beleidskomiteevergadering vir verbruikers beteken

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank se Monetêre Beleidskomitee (MBK) het in Julie vergader om te beraadslaag oor die ekonomiese gegewens wat tot hul beskikking is, ten einde 'n besluit te neem oor rentekoerse. Die Bank het besluit om koerse onveranderd te laat met die repokoers op 5.5% en die prima oortrekkingskoers op 9.00%.

Die MBK se primêre doelwit is om inflasie te teiken: om te verseker dat inflasie binne die 3-6% teikenveld bly. In die uitgebreide mandaat wat vroeër vanjaar deur die Nasionale Tesourie aan hulle gegee is, word dit ook van die MBK verwag om inflasie te teiken op 'n manier wat onder meer ekonomiese groei ondersteun. Inflasie en ekonomiese groei speel derhalwe 'n sleutelrol in die komitee se finale besluit.

### Waaksaam jeens inflasie

Inflasie toon reeds die afgelope paar maande 'n opwaartse neiging. In Junie het die inflasiekoers (VPI) tot 5% gestyg. Vergeleke daarmee het die gemiddelde inflasiekoers in 2010 op 4.3% gestaan.

Die styging is grootliks deur voedsel- en vervoerkoste gedryf, wat ongelukkig 'n omvattende gedeelte uitmaak van die inflasie waardeur die laer inkomstegroepe in die gesig gestaar word. Trouens, die inflasiekoers waarteen hierdie sektor te staan kom, het reeds 6% verbygesteek. Hierdie syfer bevestig die holrug-geryde waarheid dat die armes  eintlik die meeste deur inflasie getref word.

Dit is belangrik vir Suid-Afrikaners om te verstaan dat, deur inflasie te beveg, die bank die armes en lae-inkomste verdieners beskerm. Hierdie groep word grootliks verteenwoordig deur vakbonde, wat op die oomblik dubbelsyfer loonooreenkomste eis. Dit op sigself hou natuurlik 'n inflasie-risiko in.

Voorts is daar geadministreerde pryse soos elektrisiteit en munisipale diensgelde en belastings wat op die oomblik teen koerse wat ver bo die boonste band van die inflasieteiken is, groei. Gevolglik sal algehele VPI later vanjaar die teiken verbysteek en vir een of twee kwartale buite die teiken bly.

**Indien inflasie later vanjaar die teiken gaan verbysteek, hoekom verhoog die MBK nie nou rentekoerse nie?**

Omdat die skerp styging tot bokant die teikenkoers net tydelik sal wees tot 2012 se tweede kwartaal, en omdat inflasie nog nie na alle goedere en dienste versprei het nie.

## Swak ekonomiese herstel

Die eerste kwartaal se BBP-groei was op 4.8% baie sterk. Hoëfrekwensie gegewens soos vervaardiging en kleinhandelverkope dui aan dat die tweede kwartaal nie naastenby so sterk sal wees nie.
Die swakheid in kleinhandelverkope dui daarop dat verbruikers nog nie genoegsaam herstel het om op ‘n manier te bestee wat verdere groei sal ondersteun nie. Indien die werkloosheidsituasie nie as ‘n saak van dringendheid gehanteer word nie, sal dit ‘n bedreiging word vir algehele ekonomiese herstel.

Onsekerheid oor wêreldwye ekonomiese ontwikkelinge hou ook vir die plaaslike ekonomie ‘n risiko in. ‘n Rentekoersverhoging sou in hierdie stadium nie die beste opsie vir die ekonomie gewees het nie.

## Wat beteken dit vir verbruikers?

### Vereffen jou skuld

Dit is ‘n goeie tyd vir skuldbelaaide verbruikers om nou, terwyl koerse nog laag is, hul skuld af te werk. Huishoudelike skuld as ‘n persentasie van besteebare huishoudelike inkomste is op 76.8% steeds baie hoog.

### Toets bekostigbaarheid

Verbruikers wat nuwe skuldkontrakte sluit, moet in gedagte hou dat rentekoerse gaan styg. Voeg sowat 2.5 persentasiepunte by die rentebetalings om seker te maak of jy die skuld kan bekostig. Wat nou bekostigbaar lyk, kan dalk oor ‘n jaar nie meer wees nie – as rentekoerse en terugbetalings hoër word.

### Goeie nuus vir pensioentrekkers

Verbruikers wat op rente as ‘n inkomste staatmaak, kan ‘n sug van verligting slaak, omdat hul inkomste sal styg wanneer rentekoerse later vanjaar opgaan. Dit is jammer dat ons op die skuldbelaaide verbruikers konsentreer pleks daarvan om op die dilemma te fokus van diegene wat spaar, maar miskien ontmoedig kan word omdat die opbrengs in die huidige lae rente-omgewing baie laag is.

### Kry raad

Dit is belangrik om die hulp van ‘n ervare en gekwalifiseerde finansiële adviseur te kry om jou te help om jou spaargeld in ‘n werktuig te plaas wat by jou behoeftes pas en wat ongeag die rentekoersvlak, ‘n redelike opbrengs sal lewer.

### Leen versigtig terwyl koerse laag is

Nie alle skuld is slegte skuld nie, veral nie as dit gebruik word om ‘n belegging te finansier wat die ekonomie se toekomstige produksiekapasiteit gaan verhoog nie.

Wanneer rentekoerse styg, word die koste van leen meer. Op die oomblik, omdat rente onveranderd op ‘n lae vlak is, is dit goedkoper vir maatkappye en ondernemers om te leen, mits hulle dit met omsigtigheid doen.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*